

KOERSVAS

Jaargang 1 Uitgawe 25 4 Oktober 2013



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Kennisgewings

- Stuur u kennisgewings en nuusbrokkies na j.otto@telkomsa.net of na admin@steedshervormers.co.za vir opname in die volgende Koersvas.

REDAKSIONEEL

Terugblik

Koersvas het aan die einde van Jaargang 1 gekom. Die eerste uitgawe van Koersvas het nie eens 'n datum op gehad nie, die tweede uitgawe wel 'n datum, maar geen aanduiding van Jaargang nie. Koersvas 3 van November 2013 het die datum, die Jaargang asook die huidige embleem op gehad.

Koersvas het gegroei van 'n ongedateerde publikasie tot 'n voorkeur kommunikasie middel van die steedsHervormers (sH) asook die Geloofsbond van Hervormde gemeentes (GHG). Dit het natuurlik gepaard gegaan met die bewegings en veranderings van gemeentes en persone. Koersvas se voorbrandgeskrif, asook Koersvas 1&2 het die lewenslig gesien met net drie gemeentes wat hulself selfstandig verklaar het. Teen November 2012 was daar 5 selfstandige gemeentes en Koersvas 25 word versend aan 15 selfstandige gemeentes, asook verskeie gemeentes wat op pad is om by die GHG aan te sluit en verkeie predikante wat hul opsies oorweeg.

Koersvas het lank na die stigting van die steedsHervormers ontstaan as gevolg van 'n groeiende behoefte vir 'n publikasie wat die behoudende perspektief onverdund stel. *Koers in leer en lewenskwessies* kan as maandelike publikasie nie hierdie behoefte volledig aanspreek nie. Die vraag was na 'n primêr elektroniese publikasie wat die sensuursker van die redaksie van Kital vryspring en terselfdetyd onverskrokke die waarheid openbaar kan maak. Dit terwyl die manupileerders van die NHKA in alle publikasies en veral op die Bakkiesblad alle

perspektiewe anders as hulle eie, verwyder het. Koersvas is in die lewe geroep sonder amptelike redaksie.

Die stigting van die GHG het in Januarie 2013 geskied. Koersvas kon die datum aankondig, asook berig oor die gebeurtenis self. Net so was dit Koersvas wat die kennisgewings rondom die eerste vergadering van die GHG kon uitstuur; asook daarvoor kon berig en verklarings publiseer. Die jong GHG sal sekerlik sekere tandesny probleme hê, maar kan staatmaak op 'n publikasie wat reeds 'n sekere momentum genereer het. Die GHG kon eindelik ook 'n redaksie aanstel.

Saam met die Koersvas het daar van die begin af *Die Skietlood* verskyn. Die Skietlood kon in die Koersvas opgeneem word onder 'n afsonderlike hofie, maar die voorkeur was vir 'n aparte publikasie wat in-diepte vrae kon stel en argumente toets. Een uitgawe van *Die Skietlood* het 'n week na Koersvas verskyn, maar daarna het die twee publikasies elke tweede week saam verskyn.

Saam met die publikasies het die skep van die webwerf www.steedshervormers.co.za ook baie bygedra daartoe dat die nuus en opinies van sH lidmate in die kuberruim beskikbaar is. Daar is die vooruitsig van 'n opwindende nuwe aanwending van die webwerf. Dit lyk asof die redaksiespan alles in plek het vir hierdie belangrike aankondiging op 12 Oktober 2013 tydens die sH vergadering te Premiemyn Hervormde Kerk.

Koersvas het ook gepoog om by wyse van verskeie Redaksionele artikels 'n invloed uit te oefen op lidmate wat binne die NHKA is en dalk die onverkwiklike situasie kan help bylê. Die besluite wat by die AKV geneem is, laat

dit lyk asof die pogings nie sal kan tel as suksesvolle pogings nie. Dit is veral die *ultra vires* (buite mag/ onwettig) besluite wat gemaak het dat die 70e AKV se wettigheid bevraagteken word. Die wegwys van wettige afgevaardigdes op grond van hulle ondersteuning aan- of ondertekening van die Staat van Belydenis (SvB) beteken dat die vergadering nie wettig gekonstitueer is nie. Die SvB is net deur die 69e KommAKV verwerp, en dit sonder mandaat of Kerkordelike presedent. Die AKV moes eers die SvB teologies ondersoek en debatteer alvorens enige besluit geneem kan word. Ten spyte van Koersvas se pogings om die hand van vrede te reik, het die 70e AKV met gebalde ystervuis teenoor mede broers en susters "liefdevol" vergader.

Koersvas se redaksie sien uit na Jaargang 2 en nooi alle lesers uit om te skryf, bydraes te lewer, nuusbrokkies en kennisgewings deur te stuur vir opname in Koersvas. Die wat voel iets lê swaar op die hart, word uitgenooi om die saak vir publikasie in Die Skietlood te verwoord.

NUUSBROKKIES

- Die 70e AKV se besluit om 54/69 nie te herroep nie, is een van die min sterk besluite wat geneem is. Daar is 'n paar implikasies wat uitgespel moet word. Dit beteken dat die AKV erken dat 54/69 steeds staan en dat die BAKV besluit nie 'n vervangende besluit is nie, maar 'n opvolg besluit is. Dit beteken ook dat die NHKA nou onomwonde stel dat apartheid sonde is. Die inhoud van 54/69 laat geen ruimte vir twyfel oor hierdie gevolgtrekking nie. "Teen die evangelie" beteken niks anders as "sonde" nie. Die AKV en die spreekbuis van die NHKA probeer nou lidmate paai deur te stel dat die NHKA afskeid geneem het van enige teologiese regverdiging van apartheid. Dit het die NHKA inderdaad gedoen, maar die NHKA het ook soveel meer gedoen. In opdrag van die WCRC het die NHKA apartheid tot sonde verklaar. Verder beteken dit dat daar weer net emosionele redes gegee kan word vir die weiering om die Belhar belydenis te aanvaar; die NHKA het reeds Belhar se teologie aanvaar. Belhar staan op die pilare van bevrydingsteologie en dit is net moontlik om apartheid sonde te noem binne die raamwerk van bevrydingsteologie.

- Die WCRC se reaksie dat daar nou geen struikelblok is ten opsigte van die NHKA se lidmaatskap aan die liggaam nie, moet gesien word teen die agtergrond van die WARC se *status confessionis* van Ottawa 1982, waar apartheid tot sonde verklaar is. Die NHKA moes erken dat apartheid sonde is **as voorwaarde** tot lidmaatskap.
- Dieselfde lidmaat van Zoutpansberg wat 'n tweede dringende hofaansoek teen die Broodboom vereniging (Zoutpansberg onafhanklike gemeente) gebring het, se mannewales ken geen einde nie. Sy nuutste is dat hy en sy makkers die gemeente se bankrekening gevries het onder die voorwendsel dat hulle die enigste ware lidmate van die NHKA is. Sy rede is die vermeende besluit van die NHKA se 70e AKV dat "lidmate wat deel is van 'n vereniging nie meer deel is van die NHKA nie". Na vele navrae kon net bevestig word dat die 70e AKV onwettig besluit het dat lidmate wat die SvB onderteken het, nie meer lidmate is nie. Wil die waarde heer dalk die gemeente se geld gebruik om te betaal vir die kostebevel wat daar teen hom is as gevolg van die hofsaak wat hy teen die gemeente gemaak het, in opdrag van die 69e KommAKV?
- Die Kerkraad van Zoutpansberg het hulle skorsing deur die KommAKV verwerp en hulle beroep op die AKV. Skygbaar het daar ook niks van daardie beroep gekom nie. Dink die KommAKV dat die aanvaarding van hulle verslag beteken dat hierdie aspek ook deur die AKV aanvaar is? Dit is nie Kerkordelik korrek nie. Die KommAKV het die taak om die saak aan die AKV te stel. Net een van vele voorbeelde van die onkerkordelike moeras waarin die NHKA tans vasgevang is.
- Aangesien ons navrae in die verband ontvang het, verskaf ons weer die bankbesonderhede:

BANKBESONDERHEDE:

Rekeningnaam: Geloofsbond van Hervormde Gemeentes

Bank: Eerste Nasionale Bank van Suid Afrika (FNB)

Rekeningnommer: 6243 092 30

Tak: Pretoria Noord

Takkode: 250 655

KENNISGEWINGS

- Theresapark gemeente hou 'n Manne-ontbyt (eintlik mense-ontbyt want vroue is ook welkom) nou Saterdag 5 Oktober om 08:00. Die koste verbonde aan die geleentheid is R100 per persoon. Slegs beperkte sitplekke oor. Skakel met ds Rudi Schoeman by 082 557 7340 of per e-pos prschoeman@yahoo.com
- **Hervormde Sustersvereniging Koster** bied 'n Damesoggend aan op DV 26 Oktober 2013 09:30 in die Hervormde Kerkzaal in Koster. Koste R100pp. Gasspreker is Lindie Stander wat die rol speel van Elise Kruger in *Binnelanders*. Kontak Catherine by 079 873 7146
- **KOSTER HERVORMDE KERK HOU VLEISFEES**
- Ja dit is waarop die klem hierdie keer gaan wees, vleis. Lekker en baie soorte en snitte. Dit is 'n waardige manier om ook die 100 jarige herdenking van Koster se dorpsstigting te vier. Moenie dit misloop nie. Dit vind plaas op die kerkterrein van Koster Hervormde Kerk op 2 November 2013 vanaf 08:00 tot middagete. Vele interessante aktiwiteite word beplan. Kom kyk na Koster skool se "Cheer Leaders", 'n moderne dans vertoning, demonstrasie van blommerangskikking en koekversiering, kom skiet skyf en kom kleur in en kom bewonder die karate vaardiges. Hulle geniet ook die "oe" en "aaaa" hoor. Die manne met die duiwe kom ook weer spog, en daar gaan 'n veiling van "kaggelrakkies" wees. Julle weet mos wat dit is! Musiek deur Cecile Swart, en ook die Penkoppe gaan sorg vir iets in almal se smaak. Stalletjies met lekker en interessante items gaan weer ons funksie versier, elke jaar raak dit lekkerder en beter. Die teetuin bied altoos die nodige lafenis en verkwikking vir voete wat bietjie wil rus. Kom kuier saam. Eet en drink was ons nog nooit skaam voor nie. Daar gaan baie wees, en lekker ook. Hoe klink 'n prys vir 'n gelukkige persoon se toegangsnommer, maar wees daar wanneer die kaartjie getrek word, anders kry 'n volgende gelukkige trekking geleentheid om te wen. Om alles hier te noem is nie moontlik nie. Hou die plaaslike koerante dop vir die program, en beslis,

kom self! Kontak vir navrae: Belinda, 083 627 0584, smith.belinda5@gmail.com.

- Premiermyn Hervormde Kerk bied DV 19-20 Oktober 2013 'n kunsuitstalling aan. Almal welkom.
- Premiermyn Hervormde Kerk bied DV die eerste week in Desember ons jaarlikse **Kuns en Kerkmark** aan. Enige persoon wat belangstel om 'n stalletjie met kwaliteit produkte te bespreek skakel met Alta 082 682 1252 of Yvette 072 223 7522